Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

forward together
sonke siya phambili
saam vorentoe

# HOOGTEPUNTE
# uit die
# REKTOR SE BESTUURSVERSLAG
# aan die
# RAAD

Maandag 15 April 2024

**Prof Wim de Villiers,**

**Rektor en Visekanselier**

# Inhoudsopgawe


**BESTUURSOPSOMMING** ..... 3

**Uitdagende aanvang van die jaar** ..... 3

**'n Besonder suksesvolle verwelkoming van nuwelinge** ..... 3

**Nuwelinginskrywings vir 2024** ..... 4

**'Instapgevalle' en die studentehuisvestingskrisis** ..... 4

**Gradeplegtighede in Desember 2023 en Maart 2024** ..... 5

**Sterk op pad om die voorste navorsingsintensiewe universiteit in Afrika te word** ..... 5

**Institusionele Beplanningsforum (IBF) 2024** ..... 7

**Voortslepende uitdagings vir die sektor** ..... 7

**HOOGTEPUNTE UIT DIE REKTOR SE BESTUURSVERSLAG** ..... 8

**1. SUNFin amptelik uit 'hipersorg'** ..... 8

**2. SUNStudent se 'vuurdoop' tydens registrasie** ..... 9

**3. Fotovoltaïese projek maak ons kampusse toekomsgereed** ..... 9

**4. Maties Coffee Hub bekend gestel** ..... 10

**5. USSA-toernooie in Desember 2023 'n triomf vir Maties Sport** ..... 11

**6. Lückhoff Lewende Museum beweeg vorentoe met werkstrome** ..... 12

**7. SOAR sprei sy vlerke** ..... 12

**8. Hernude klem op die versterking van die Studentesake-omgewing** ..... 13

**9. 'n Opdatering oor CIRCoRe** ..... 14

**SLOT** ..... 14

**MEDEWERKERS** ..... 14

# BESTUURSOPSOMMING

## Uitdagende aanvang van die jaar

Die akademiese jaar 2024 het met die intrapslag 'n uitdaging opgelewer toe personeellede op twee kamers met uiters ontstellende items en afbeeldings in die koshuis Wilgenhof afgekom het. Die inhoud van die kamers dui oënskynlik op praktyke by die koshuis wat teen die Universiteit se waardes indruis. Die seniors van die koshuis was op die punt om te arriveer om vir die amptelike verwelkoming van ons nuwelingstudente gereed te maak. Daarom is die kamers ontruim en die inhoud beveilig met die oog daarop om 'n deeglike ondersoek van stapel te stuur teen die agtergrond van die voortgesette transformasie van ons koshuiskultuur om menswaardigheid en onderlinge respek te bevorder en te beskerm en 'n gevoel van kameraderie en samehorigheid te skep.

Die Rektoraat het daarna 'n paneel aangestel om die saak te ondersoek met die volgende doelwitte in gedagte:

- Om die historiese, kulturele en simboliese aspekte van die inhoud en funksies van die twee kamers te verstaan, dit teen die agtergrond van enkulturasie- (kultuuroordrag-)praktyke by Wilgenhof te oorweeg, en die Rektoraat dienooreenkomstig te adviseer.
- Om die betekenis van die inhoud en funksies van die twee kamers sorgvuldig te oorweeg in die konteks van die algemene institusionele kultuur en bedrywighede van US-koshuise.
- Om te bepaal of en in watter mate die rekords, praktyke en algemene kultuur van Wilgenhof teen die waardes van die Universiteit indruis en moontlik die skending van huidige en vorige US-studente en -personeellede se menswaardigheid behels.
- Om vas te stel of Universiteitspersoneel, -alumni of -studente oor tyd onaanvaarbare praktyke by Wilgenhof beskerm of toegesmeer het.
- Om te bepaal of daar bewyse bestaan van oortredings van enige US-beleide, -regulasies, -reglemente of die Dissiplinêre Kode vir Studente van die US deur vorige en/of huidige studenteleiers en/of bestuurslede van Wilgenhof.

Die paneel staan onder leiding van senior advokaat Nick de Jager. Hy word bygestaan deur dr Derek Swemmer, voormalige registrateur van die universiteite van die Witwatersrand en die Vrystaat, en me Penny van der Bank, die US se Adjunkregistrateur: Oorsigbestuur. Ons het tersaaklike akademiese en professionele deskundiges by die Universiteit tot die paneel se beskikking gestel om oor verskeie aspekte van die geskiedenis, tradisie, sosiologie, sielkunde en kultuur van die US en sy koshuise te raadpleeg.

Ek sal by die Raadsvergadering in April verslag doen oor vordering met, of die uitkoms van, die paneel se werk.


## 'n Besonder suksesvolle verwelkoming van nuwelinge

Ondanks die mediaherrie oor die Wilgenhof-aangeleentheid, kan die amptelike verwelkomingsgeleentheid by Coetzenburgstadion en die gebruiklike Droomloop op Donderdag 1 Februarie ongetwyfeld as een van die grootste en beste in jare beskou word.

## Nuwelinginskrywings vir 2024

SUNStudent is vanjaar die eerste keer gebruik om studenteregistrasies te bestuur. 'n Paar tegniese uitdagings en stelselfoute het weliswaar opgeduik. Desnieteenstaande kon die span van die Registrateursafdeling steeds daarin slaag om studente teen 'n flinke pas te registreer. Teen die einde van die formele registrasietydperk vir nuwelinge is meer as 6 700 registrasies verwerk – 'n goeie 17,6% meer as die inskrywingsbestuursmikpunt vir 2024. Dit steek gunstig af by vorige jare, soos die grafiek hier onder toon:

Werklike inskrywings teenoor mikpunte volgens akademiese jaar




| Akademiese jaar | Afwyking van mikpunt – getal | Afwyking van mikpunt – persentasie |
|---|---|---|
| 2020 | -353 | -6,4% |
| 2021 | -357 | -6,5% |
| 2022 | 390 | 7,1% |
| 2023 | 495 | 8,8% |
| 2024 | 1 005 | 17,6% |

## 'Instapgevalle' en die studentehuisvestingskrisis

As gevolg van pogings die afgelope aantal jaar om ons demografiese profiel meer divers te maak, neem eerstegenerasiestudente bestendig toe. Hierdie studente is nie altyd ten volle op hoogte van die Universiteit se inskrywingsprosesse nie. Dít lei tot 'n toenemende getal 'instapgevalle' – studente wat op kampus aankom sonder bevestigde huisvesting vir die jaar.

Om vir dié tendens voorsiening te maak, het ons met die oog op die akademiese jaar 2024 proaktief noodhuisvesting vir 100 studente ingerig. Nietemin het 518 studente sonder enige verblyfreëlings op kampus opgedaag.

Danksy samewerking tussen die Registrateursafdeling, Studentesake en ons studenteleierskapstrukture is US-ruimtes en -geriewe beskikbaar gestel as 'n noodmaatreël om hierdie studente te huisves totdat gepaste plasings gereël kon word. By die skryf van hierdie verslag het 480 van hierdie studente reeds hulle intrek in Universiteits- en privaat huisvesting op die dorp geneem.

Die oorblywende 38 was terugkerende studente sonder enige finansieringsbystand. Dít het plasing in privaat verblyf bemoeilik aangesien deposito's normaalweg vooraf betaal moet word. Dit is dan ook hierdie groep wat besluit het om 'n sitbetoging by die hoofingang van Admin B te hou. Die lot van hierdie 'hawelose' studente het heelwat aandag in plaaslike koerante en op sosiale media ontvang. Dit het ook gelei tot 'n aantal terreinbesoeke van regeringsverteenwoordigers van die Openbare Beskermer, die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) en die Menseregtekommissie, sowel as navrae van die Parlement se Portefeuljekomitee oor Hoër Onderwys, Wetenskap en Innovasie. Die studente het uiteindelik 'n plaaslike gemeente se aanbod van tydelike verblyf aanvaar terwyl die soeke na geskikte huisvesting voortduur.

Ons het duidelik die US se aantrekkingskrag as 'n voorkeurinstelling van hoër onderwys vir ons nuwe geslag studente onderskat. Enersyds beloof dít goed vir die toekoms van ons universiteit; andersyds is dit ontmoedigend om te weet dat ernstige besnoeiings in staatsfinansiering vir infrastruktuurontwikkeling, waaronder studentehuisvesting, dit besonder uitdagend sal maak om almal in te neem.

Ons het tans 8 000 beddens in Universiteitskoshuise, waarvan 1 500 vir ons nuwelingeerstejaars bedoel is. Ons doen alles moontlik om werk aan die twee nuwe studentekoshuise, wat verlede jaar begin het, te bespoedig. Dié koshuise sal 'n bykomende 400 beddens bied om in die toenemende vraag na studenteverblyf te voorsien. Die US behoort dus in 2025 beter toegerus te wees om die groter vraag na plasing in ons koshuise te hanteer.

## Gradeplegtighede in Desember 2023 en Maart 2024

Ons het in Desember 5 809 kwalifikasies verleen. Hoewel ons nog aan die finale syfers vir die Maart-gradeweek werk, lyk dit of ons met die herfsplegtighede die 9 000-kerf vir toegekende kwalifikasies vir die akademiese jaar 2023 sal verbysteek. Data toon ook dat meer as 95% van US-gegradueerdes goeie werk kry, wat belangrik is teen die agtergrond van ons land se hoë jeugwerkloosheidsyfer van sowat 50%.

## Sterk op pad om die voorste navorsingsintensiewe universiteit in Afrika te word


Volgens amptelike DHOO-syfers van 2023 bly die US onder Suid-Afrika se voorste drie navorsingsintensiewe universiteite wat uitset per persoon sowel as totale navorsingsuitset betref. Ons navorsingskontrakte hou aan toeneem, en ons het verlede jaar meer as 1 450 ondertekende kontrakte aangemeld. Boonop het ons 3 055 navorsingsartikels vir subsidiedoeleindes aan die DHOO voorgelê – ons meeste tot nog toe.

Om tred te hou met ons bydrae tot wêreldwetenskap, moet ons egter die US se navorsingsuitset met dié van ander toonaangewende instellings vergelyk. In dié verband het ons Viserektor: Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studie, prof Sibusiso Moyo, 'n bibliometriese ontleding van die Universiteit se navorsingsprestasie aangevra. Van die vernaamste bevindinge in die verslag, wat baie onlangs uitgereik is, is soos volg:


- Sedert die eerste groot hersiening van die DHOO-finansieringsraamwerk in 2005 handhaaf die US 'n **konsekwente en bestendige toename in totale publikasie-uitset** (vaktydskrifartikels, boeke, boekhoofstukke en gepubliseerde konferensieverrigtinge). Die samevattende tabel hier onder toon hoe die uitsetsubsidie-eenhede in elke onderskeie kategorie van 2005 tot 2022 toegeneem het, en teen watter tempo:

| | 2005 | 2022 | Groeitempo |
|---|---|---|---|
| Vaktydskrifartikeleenhede | 789,4 | 1 750,52 | 4,86% |
| Boek- en boekhoofstukeenhede | 14,0 | 397,54 | 21,8% |
| Konferensieverrigtinge | 22,74 | 78,67 | 7,57% |
| Totale publikasie-eenhede | 826,1 | 2 255,12 | 6,87% |

- Die US handhaaf **'n bogemiddelde groeitempo in die getal vaktydskrifartikels wat jaarliks gepubliseer word**. Ons skrywers het die afgelope 18 jaar 34 289 artikels in geakkrediteerde vaktydskrifte die lig laat sien, wat op 22 543,83 artikelsubsidie-eenhede te staan kom. Die getal tydskrifte waarin US-skrywers publiseer, het op hulle beurt drievoudig toegeneem van 525 in 2005 tot 1 579 in 2022. Dít weerspieël ook die jaarlikse toename in die getal geakkrediteerde vaktydskrifte, veral dié wat op [CA]Web of Science en (sedert 2015) Scopus gelys word.
- Die getal **kandidate wat navorsingsmagistergrade aan die US verwerf, het meer as verdubbel** van sowat 400 in 2005 tot die onlangse syfer van ongeveer 900.
- Die Universiteit handhaaf 'n **sterk teenwoordigheid op etlike wetenskaplike terreine**.
- **Buitelandse navorsingsamewerking by ons instelling neem toe** (gemeet aan die hand van mede-outeurskap). Die grafiek hier onder toon hoe US-personeel die afgelope twee dekades al hoe meer met buitelandse wetenskaplikes en vakkundiges saamwerk:




- Die US **het die sitaat-impak van sy artikeluitset aansienlik verhoog** en het in 2022 die derde hoogste impaktelling van alle Suid-Afrikaanse universiteite behaal.




Prof Moyo sal beslis in haar jaarverslag by die Raadsvergadering in April verdere besonderhede van hierdie besonder insiggewende ontleding deur ons DWI-NNS Sentrum van Uitnemendheid in Wetenskapmetriek en Wetenskap-, Tegnologie- en Innovasiebeleid (SciSTIP) voorsien.

## Institusionele Beplanningsforum (IBF) 2024

Ons het 'n uiters suksesvolle gebruik om die groter leierskapstruktuur van ons universiteit aan die begin van elke akademiese jaar byeen te bring vir bestekopname, 'n oorsig van ons vordering, en toekomsbeplanning. By die IBF op 7 en 8 Februarie het 60 senior personeellede weer bymekaargekom om hulle werk opnuut so in te rig en te prioritiseer dat dit ons toekomstige sukses sal verseker en verder sal versterk.

Van die **belangrikste besluite** wat gedurende die twee dae lange samesprekings geneem is, is:

- om voort te bou op ons navorsingsuksesse en internasionale multidissiplinêre vennootskappe om van die grootste uitdagings van ons tyd die hoof te bied;
- om verdere stukrag te verleen aan die goedgekeurde institusionele spelbrekers, met bepaalde verwysing na akademiese vernuwing en die rol van kunsmatige intelligensie in die US se toekomstige akademiese projek;
- om verantwoordelikheidsentrums en fakulteite se strategiese bestuursaanwysers verder te belyn sodat die US beter daartoe in staat is om sy visie te verwesenlik; en
- om opnuut aandag te skenk aan entrepreneurskap en innovasie, en om die moontlikheid van 'n toegewyde skool op hierdie gebied te oorweeg.

## Voortslepende uitdagings vir die sektor

Alles dui daarop dat **beurtkrag** 'n permanente kenmerk sal wees van die akademiese jaar wat voorlê. Die werk van ons gebeurlikheidskomitee duur voort om te sorg dat ons die Universiteit se akademiese en navorsingsaktiwiteite so goed moontlik beskerm.

Daarbenewens is die finansieringsprobleme waarmee kwalifiserende begunstigdes van die **Nasionale Finansiëlehulpskema vir Studente (NSFAS)** verlede jaar te kampe gehad het duidelik nog lank nie opgelos nie. Trouens, dít is een van die redes vir die huisvestingskrisis waarna ek hier bo verwys omdat studente in die duister gelaat word oor óf en wanneer hulle finansiering sal ontvang. Om sake verder te vererger, het die NSFAS-raad nie net besluit om steeds van die dienste van die nou gediskrediteerde

uitbetalingsagentskappe gebruik te maak nie, maar ook om verskillende huisvestingstoelaes vir metro- en landelike instellings te betaal. Die US het aansoek gedoen om vir metrostatus oorweeg te word en wag tans om van NSFAS te hoor.

Dit is ons gebruik dat 'n lid van die Rektoraat elke kwartaal 'n geleentheid ontvang om 'n jaarverslag aan die Raad voor te lê. Dié keer kry die Viserektor: Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studie, prof Sibusiso Moyo, 'n beurt om oor werksaamhede in haar verantwoordelikheidsentrum verslag te doen.

Daarom lig ek net enkele hoogtepunte uit haar portefeulje uit. Raadpleeg gerus prof Moyo se afsonderlike verslag vir verdere besonderhede. My verslag handel oor die tydperk November 2023 tot Februarie 2024, tensy daar anders aangedui word. Ek en my medebestuurslede verwelkom hierdie geleentheid om met ons Raadskollegas in gesprek te tree.

## HOOGTEPUNTE UIT DIE REKTOR SE BESTUURSVERSLAG

In die paragrawe hier onder bied ek hoogtepunte uit my bestuursverslag. Raadpleeg gerus die bylaag vir 'n vollediger kykie na die bydraes van die verskillende verantwoordelikheidsentrums.

### 1. SUNFin amptelik uit 'hipersorg'

Die drie maande lange 'hipersorgtydperk' ná die formele aktivering van SUNFin het in November ten einde geloop. Ons het nou alle bystandsaktiwiteite na die verskillende vakinhoudskenners en die onderafdeling Finansiëlestelselsteun en -opleiding oorgedra. Ons implementeringsvennoot, Visions, neem steeds die leiding met die nodige prosesspesifieke verstellings.

Volgens die SUNFin-dienskantoor, wat ten volle in werking is, is 92% van alle versoeke vir bystand hanteer. Sedert die stelsel aan die einde van Julie 2023 geaktiveer is, is 4 188 versoeke aangemeld. Die span is hard aan die werk om lank uitstaande items af te handel.

**Vordering met modules**

- Die aktivering van SUNFin se module Projekte en Toekennings vorder fluks, en gebruikeraanvaarding lyk goed.
- Finansies het die Universiteit se begroting vir 2024 op die nuwe stelsel gelaai. Die jaareindprosesse vir 2023 ten opsigte van Tera (ons bedryfstelsel vir die uitvoering en afsluiting van finansiële verslagdoening en transaksies) en SUNFin is aan die gang en is die hooffokus vir die komende jaarlikse eksterne oudit.
- Op datastoorgebied werk die SUNFin-span saam met die afdelings Navorsingsontwikkeling sowel as Strategiese Inisiatiewe en Inligtingsoorsigbestuur. Die doel is om eindgebruikers vereenvoudigde finansiële inligting te bied wat by navorsingsverslae ingesluit kan word. Verdere terugvoer sal voorsien word sodra die oplossing getoets is.
- Ook wat die module Verkryging en Krediteure betref, maak die span goeie vordering om die agterstand in te haal en vermoë vir gewone werksaamhede te bou.

**Bywerkings**

Die SUNFin-span het sedert stelselaktivering drie bywerkings gedoen sonder enige stelselstaantyd of -onderbrekings. Die jongste bywerking is op 20 en 21 Januarie voltooi, en die volgende een word vir April beplan.

**Toegewyde Senaatswerkgroep**

Ons het 'n Senaatswerkgroep vir SUNFin tot stand gebring, wie se opdrag aan die einde van Januarie vasgestel is. Die groep sal daarop konsentreer om enige wesenlike bedryfskwessies wat gebruikers met die stelsel ervaar te hanteer.

## 2. SUNStudent se 'vuurdoop' tydens registrasie

Die SUNStudent-projek het die afgelope paar maande daarop gekonsentreer om alle vereiste funksies vir registrasie 2024 gereed te kry. Dít sluit in Registrasie, Studentegeld, Dienste (Fooie), Nagraadse Bestuur, weergawes 1 van Finansiële Bystand, Koshuisbestuur en Skedulering, sowel as Verenigings- en Sportklubbestuur.

**Aktivering vir registrasie**

Ons Bellvilleparkkampus (Stellenbosch Bestuurskool en Skool vir Publieke Leierskap) het die aktivering op 4 Desember 2023 aan die gang gesit toe personeel studente op die stelsel begin registreer het. Tygerbergkampus het op 2 Januarie 2024 met registrasie en koshuisbestuur begin, wat deur 'n kombinasie van studenteselfregistrasie en personeelondersteunde registrasie gedoen is. Registrasie vir Stellenboschkampus en Krygskunde het ook op 2 Januarie geopen, en die groot mylpaal was die aanvang van aanlyn registrasie vir terugkerende studente op 15 Januarie.

Studentegeld, Dienste (Fooie) en Finansiële Bystand, wat alles onlosmaaklik deel is van registrasie, is gedurende die Januarie-registrasietydperk geaktiveer.

**Uitdagings**

Die aktiveringstydperk was besonder uitdagend, veral wat koshuisplasings betref. Toegang- en aanmeldingskwessies, onvolledige modulelyste sowel as gebruikers se onvertroudheid met die bedryfsprosesse en funksionering van die nuwe stelsel was van die kwessies wat aanvanklik vertragings veroorsaak het. Nietemin is dié kwessies in die eerste kwartaal uitgestryk en is verskeie kernstappe beplan om sowel toekomstige implementeringspraktyke as stelselfunksionering te verbeter.

**Voortgesette verbetering**

Danksy sorgvuldige ontledings van die hoofoorsake van probleme, die inwerkingstelling van oplossings daarvoor, sowel as daaglikse kontak met eindgebruikers en gereelde kommunikasie met voornemende en huidige studente, het registrasiegetalle mettertyd toegeneem. Teen die einde van die registrasietydperk het 23 420 voorgraadse studente geregistreer. Dit sluit 6 943 nuweling-eerstejaars in.

Die span sal nou verder werk om die ander funksies gereed te kry. Dit sal gedurende die res van 2024 geaktiveer word namate die siklus van studente-administrasie dit vereis.

**Sien die registrateur se memorandum aan die Raad hier.**

**Vind die registrateur se PowerPoint-aanbieding hier.**

## 3. Fotovoltaïese projek maak ons kampusse toekomsgereed

Ons het met 'n omvattende fotovoltaïese (FV) projek begin wat ál ons kampusse insluit. Die eerste projekinstallasie was dié op die dak van die **Noord- en Suid-gebou by die Biomediese Navorsingsinstituut** (*raadpleeg "Bylaag by die Rektor se Bestuursverslag aan die Raad" vir verdere inligting*).

Verskeie dakversterkingsprojekte is tans op ons kampusse aan die gang om te sorg dat dakstrukture die bykomende gewig van die FV installasies sal kan dra. Die oorhoofse

projek sluit onder meer in **die installering van ’n aantal FV stelsels op geboude motorafdakke**. Die uitslag van ’n uitvoerbaarheidstudie vir dié projek word in Maart 2024 verwag.

Boonop is ’n nuwe werkversoek vir die registrasie van ’n projek genaamd **SUN Sonkrag FV: Noordkampus** in Oktober 2023 ingedien. Dit konsolideer ál ons vorige geregistreerde sonkragdakinstallasies op Stellenbosch in ’n enkele projek. Die beskikbaarheid van finansiering is ook sedertdien bevestig.
SUN Sonkrag FV: Noordkampus beoog skaalbesparings deur ’n algehele leweringskapasiteit van 1 051,60 kW te voorsien. Alle betrokke dakke is reeds nagegaan, en alle aansluitingspunte is geïdentifiseer.

Dakpanele sal op die volgende geboue geïnstalleer word:

- Fasiliteitsbestuur
- Instandhouding
- Inligting- en Kommunikasietegnologie
- US LaunchLab
- Meganiese en Megatroniese Ingenieurswese
- Ingenieurswesekennissentrum
- PO Sauer
- Bedryfsingenieurswese

Die installering van die projek van R28 500 000 sal in fases geskied. Werk sal na verwagting in April begin en teen Oktober klaar wees. Verkryging is aan die gang, en die voorkeurkontrakteur is op 26 Januarie ná afhandeling van die tenderbeoordelingsproses aangestel.

## 4. Maties Coffee Hub bekend gestel

Die Maties Coffee Hub in die Matiewinkel by die Neelsie-studentesentrum sal US-studente en die omliggende gemeenskap vanaf 1 Maart ’n uithalerkoffie-ervaring bied. Die fasiliteit, wat op ’n vennootskap met koffiehuis CoffeeMM berus, wil egter méér as net ’n koffiewinkel wees; dit beoog om as ’n bymekaarkomplek vir die Maties-gemeenskap te dien. Die winkel is gerieflik geleë, beoefen volhoubare praktyke, en wil ’n verwelkomende ruimte vir almal bied. Koffie, vrugteskommels en vars eetgoed is teen mededingende, studentevriendelike pryse te kry. Die klem val op etiese verkryging, billike handel, en volhoubaarheid. Bioafbreekbare koppies onderstreep die US se verbintenis tot ekovriendelikheid.



MATIES
COFFEE HUB

*Links: Die Maties Coffee Hub in die Matiewinkel by die Neelsie het 'n bedienings- en sitarea buite, langs die Jan Mouton Leersentrum.*

## 5. USSA-toernooie in Desember 2023 'n triomf vir Maties Sport

Maties Sport het geskitter by Universiteitsport Suid-Afrika (USSA) se toernooie in Desember en het die volgende titels verower:

| Goud | Silwer | Brons |
|---|---|---|
| Waterpolo (vroue) | Skaak (vroue individueel) | Gholf (manspan) |
| Waterpolo (mans) | Gholf (vroue individueel) | Tafeltennis (manspan) |
| Sokker (mans – B-afdeling) | Seil (span) | |
| Skaak (mans en vroue individueel) | | |
| Gholf (vroue individueel) | | |



***USSA-wenners 2023**: Maties Gholf (links) en Maties Skaak (regs).*





*Maties Sokker (links) en Maties Waterpolo-vrouespan (regs).*



## 6. Lückhoff Lewende Museum beweeg vorentoe met werkstrome

Die Lückhoff Lewende Museum doen belangrike werk om tasbare inhoud te gee aan die konsep van restitusie deur dit as visuele herstel, sigbare en lewende verandering, insluiting, billikheid en toegang te posisioneer. Daar is ook eenstemmigheid dat die museum 'n leiersrol moet speel om, as 'n vorm van herdenking, die gesprek oor restitusie aan die gang te hou.

Vir dié doel is die volgende twee werkstrome (*sien foto hier onder*) tot stand gebring:



- **Restitusie as herdenking:** Hierdie werkstroom sal op projekte konsentreer wat Die Vlakte gedenk (die buurt in Stellenbosch-middedorp waaruit inwoners ingevolge apartheidswetgewing onder dwang verwyder is), mondelinge geskiedenisse opteken, en 'n oop en inklusiewe ruimte vir deelname skep.

- **Kritiese pedagogie:** Hierdie werkstroom sal saamwerk om sinvolle insluiting en toegang by die US te bevorder, in die wete dat die onderliggende impak van apartheid dit steeds vir gekleurde persone moeilik maak om toegang tot die hoër onderwys te bekom. Teen die agtergrond van die bevindinge en aanbevelings in die Khampepe-verslag sal die werkstroom ook 'n kritiese en inklusiewe etos vir kennispraktyke, onderrig, leer en navorsing aan die Universiteit skep.

Die werkstrome bestaan uit US-personeellede sowel as gemeenskapsleiers.

## 7. SOAR sprei sy vlerke

Ons universiteit se eerstegenerasieprogram, SOAR, het in 2023 sowat 60 nuwelingstudente by die universiteitslewe help aanpas. Daardie syfer het vanjaar tot 125 studente verdubbel.

SOAR is 'n Engelse akroniem vir "strengths" (sterkpunte), "opportunities" (geleenthede), "agency" (menslike wil) en "resilience" (veerkragtigheid). Studentesake het die program in 2020 kort voor die Covid-19-inperking van stapel gestuur. Die doel is om studente uit gesinne wat nié 'n geskiedenis van studie aan die US of enige ander tersiêre instelling het nie, makliker by die Universiteit te help aanpas.

Daarbenewens het die program vanjaar sy werksaamhede uitgebrei. SOAR werk nou saam met vennote soos TRAC Suid-Afrika (die US se Wiskunde- en Fisiese Wetenskappe-intervensieprogram wat landwyd sonder winsoogmerk aangebied word), SciMathUS (ons 'tweedekansprogram' vir leerders om hulle finale matriekpunte in Wiskunde en Fisiese Wetenskappe te verbeter en sodoende vir universiteitstoelating in aanmerking te kom) en die Thuthuka-beursfonds van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Geoktrooieerde Rekenmeesters. Op dié manier bied SOAR bykomende bystand aan eerstegenerasiestudente om toegang tot universiteitstudie te bekom.

## 8. Hernude klem op die versterking van die Studentesake-omgewing

Onlangse ontwikkelings in ons Afdeling Studentesake bring ons al hoe nader aan ons strategiese oogmerk om 'n transformerende studente-ervaring te voorsien.

Soos die Khampepe-verslag ook benadruk het, impliseer 'n transformerende studente-ervaring dat elke US-student die geleentheid kry om noodsaaklike vaardighede in sosiale geregtigheid en demokrasie te ontwikkel. Die pas gestigte **Leierskapsontwikkelingsbeplanningskomitee (LOBK)** sal juis dít ondersteun. As 'n formele struktuur van Studentesake, is die LOBK verantwoordelik vir toesig oor alle leierskapsontwikkeling en -opleiding vir studente. Daarbenewens moet die komitee die senior direkteur van Studentesake, dr Choice Makhetha, en ons Viserektor: Leer en Onderrig, prof Deresh Ramjugernath, in kennis stel indien 'n leierskapsaanbod nie met ons visie van 'n transformerende studente-ervaring strook nie óf nie daarin slaag om sekere graduandi-kenmerke te ontwikkel of studenteleiers toe te rus om sake van diversiteit en insluiting by die US te fasiliteer nie.

Die LOBK staan onder leiding van dr Heidi October, adjunkdirekteur van Leierskap in die nuwe Sentrum vir Studentelewe en -leer (SSLL) (*raadpleeg "Bylaag by die Rektor se Bestuursverslag aan die Raad" vir verdere inligting*). Benewens die verslagdoeningslyne na dr Makhetha en prof Ramjugernath, het die komitee ook 'n kommunikasiekanaal na CIRCoRe (ons Komitee vir die Institusionele Reaksie op die (Khampepe-)Kommissie se Aanbevelings). Die LOBK se opdrag is op 6 Desember 2023 vasgestel.

Een van die nuwe toegewyde fokusgebiede van die SSLL is ook **personeelontwikkeling** om te sorg dat ons Studentesake-praktisyns oor die nodige kennis en vaardighede beskik om hulle werk met onderskeiding te verrig. Vir dié doel is SSLL-personeel onlangs genooi om aan 'n opname deel te neem om hulle verskillende ontwikkelingsbehoeftes beter te verstaan. Die doel van die personeelontwikkelingsportefeulje is om 'n sterker Studentesake-praktykgemeenskap te bou en prosesse te stroomlyn om personeel met hulle onderskeie beroepsbehoeftes by te staan, waaronder finansieringsaansoeke om werksessies, konferensies en ander portefeuljeverwante geleenthede by te woon. Geleenthede vir steundienstepersoneel om aan internasionale navorsingsverwante werk deel te neem sal ook in samewerking met US Internasionaal ondersoek word. Deur in die ontwikkeling van ons Studentesake-praktisyns te belê, kan ons 'n geïntegreerde, soomlose, transformerende diens vir ons studentegemeenskap verseker.

## 9. 'n Opdatering oor CIRCoRe

Die Komitee in Reaksie op die Aanbevelings van die Kommissie (CIRCoRe) het die Raad voorsien van 'n omvattende verslag oor die aktiwiteite van sy onderskeie Werkgroepe en hoe hul uiteenlopende aktiwiteite verband hou met sleutelaanbevelings van die Khampepe-kommissie. Die verslag is **hier** beskikbaar.

# SLOT

Daar bestaan weinig twyfel daaroor dat ons in vele opsigte 'n uitdagende jaar sal hê. Met ons leiers se geesdrif vir hulle werk, en ons kenmerkende proaktiewe benadering tot uitdagings, is ek egter steeds oortuig dat die US goed geplaas is om sy strategiese doelwitte tot diens van die samelewing te bereik.

## MEDEWERKERS

*Die Rektor se Bestuursverslag is saamgestel deur die Uitvoerende Kommunikasie-ondersteuningspan in samewerking met prof Wim de Villiers, Rektor en Visekanselier, sowel as Mohamed Shaikh, uitvoerende bestuurder in die Rektoraat, en Melissa Douman, bestuurder van Uitvoerende Kommunikasie. Redigeer- en vertaaldienste is gekoördineer deur die US Taalsentrum en voorsien deur hulle medewerker Hendrien Swanepoel. Ons erken ook graag die volgende medewerkers, wat hier onder volgens US-verantwoordelikheidsentrum gelys word:*

**Bedryf en Finansies:** Prof Stan du Plessis, Finansies (Manie Lombard & span), Fasiliteitsbestuur (Nicolette van den Eijkel & span), Informasietegnologie (Joe Smit & span), Maties Sport (Ilhaam Groenewald & span), en Innovus (Anita Nel & span)

**Leer en Onderrig:** Prof Deresh Ramjugernath, dr Choice Makhetha, Yeki Mosomothane, Lynne Rippenaar-Moses, dr Antoinette van der Merwe, dr Karin Cattell-Holden, dr Anthea Jacobs, Sim Ntwasa, Johara Khan, Claudia Swart-Jansen van Vuuren, Charmaine van der Merwe, dr Nicoline Herman, dr Gert Young, Morris Samuels, dr Sonja Strydom, Zainab Suliman, dr Vernita Beukes, dr Arné Binneman, Sanet de Jager, Fatima Halday, Susan Lotz, Marsanne Neethling, Michelle Pieters, dr Rose Richards, Juanli Theron, dr Kim Wallmach, André Müller, Lisinda de Jager, Yeki Mosomothane, dr Heidi October, Benita van Zyl, Jaco Greeff-Brink, Qaqamba Mdaka, Michelle Munro

**Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studie:** Prof Sibusiso Moyo, prof Johann Mouton, Maryke Hunter-Hüsselmann, Sibusiso Lukhele

**Registrateur**: Dr Ronel Retief, dr Celeste Nel, Bruce Banda, Ashmind Daniels, Farah Fredericks, Anne Havemann-Serfontein, Freek Truter, Beire Kramer, Salot Hanekom, Penny van der Bank, Charmaine Wing, Che Bermosky, Felecia van Rooi, Robert Young, Jonathan-Dale Blanckenberg

**Sosiale Impak, Transformasie en Personeel:** Prof Nico Koopman, dr Jo-Anne Kirby, dr Lynne Julie, Sue Crumpton, dr Haidee Williams, dr Ryno Botha, sr Anneke van Heerden, dr Craig Thompson, dr Pierre Viviers, Shibu Mamabolo, Ulrich Wolff, Ricky Brecht, Johannes Adams, Elvandre Galant, dr Marietjie Oelofsen, Natasha Coltman, Renee Hector-Kannemeyer, Chevaan Peters, Jubelian Korkie, Katlego Letlonkane, Shanté Neff, dr Zethu Mkhize, dr Leslie van Rooi, Joanne Williams

**Strategie, Globale en Korporatiewe Sake:** Prof Hester Klopper, dr Wayne Muller, Christelle Feyt, Tertia Kruger, Cristal Peterson, Naudé van der Merwe, Amira Brown, Marguerite Cloete, Marick Hornsveld, Candes Keating, Michelle Swart, Martin Viljoen, dr Alec Basson, Magdel Pretorius, Leon Eygelaar, Jerall Toi, dr Barbara Pool, Lidia du Plessis, dr Nico Elema, prof Sarah Howie, Sarah van der Westhuizen